

**LIEDERE WAT IN DIE EREDIENSTE GESING WORD****Sondag 7 Augustus 2011**

Oggenddiens 09:30			Aanddiens 18:00	
	Lied	Bladsy	Lied	Bladsy
1.	Psalm 116:1	Bl.569	Ps.145:1,10,11 & 12	Bl.696
2.	Psalm 9:1,2,5,7	Bl.36	Psalm 19:5 & 6	Bl.83
3.	Psalm 79:5 & 9	Bl.403	Skrifberyming 1-2:1, 2, 3	
4.	Psalm 71:14	Bl.	↓	
5.	Skrifberyming 12-3:1 & 2		Skriflesing: Psalm 19	
6.	Psalm 42:4 & 5	Bl.215	Heidelbergse Kategismus	
7.	Psalm 142:1 & 4	Bl.686	Sondag 47	
8.	Skrifberyming 15-1:1 & 4			


**BEROEPING VAN 'N PREDIKANT**

Die proses om 'n predikant te beroep, is aan die gang. Name van predikante wat na hierdie gemeente beroep kan word, word van die gemeente ingewag. Voorstellingsvorms is Sondae in die portaal en in die konsistorie. Ons vra vriendelik dat alle voorstelle by wyse van hierdie vorm ingedien sal word. Die voorstelle moet by die voorsitter van die beroepingskommissie, oudl. At Kruger, ingehandig word. Die keurdatum vir die indiening van name is Sondagaand 14 Augustus. Predikante wat benoem word, moet langer as twee jaar in hulle huidige gemeente dien, en kan uit enige ouderdomsgroep benoem word. Voorstellers moet asseblief die vorm volledig invul.

**VAKATURES OP DIE KERKRAAD**

Diakens word benodig vir wyke 3,18, 22 & 25 en Ouderlinge vir wyke 3,9 & 22. Die volgende lidmate word ter approbasie aan die gemeente voorgelê:

- Vir diakens – Brs. Niel Lemmer (1) en Kota Cloete (3). Srs. Marlene Lemmer (1); Ronel de Klerk (12); Marietjie van Aswegen (25); Tina Stols (25); Elmarie Kruger (4); Ansie van Vuuren (10).
- Ouderlinge – Brs. Frans Smit (wyk 19); Hennie van Rooyen (18); Nic Lemmer (1); Chris van Vuuren (10); Chris Brits (10); Jan de Klerk (12).



# SIMBAAL

“Prys Hom met galmende simbale”

[Psalm 150:5]

Nuusbrieff van die Gereformeerde Kerk Klerksdorp-Noord

[Webadres – <http://www.gkklerksdorpnoord.co.za/>]

Jaargang 6

Sondag 7 Augustus 2011

Nommer 20

**WENSBEENTJIE OF RUGGRAAT?**

Ek is seker jy ken ook mense wie se wensbeentjie sit waar hulle ruggraat moes gewees het. Hoe is sulke mense? Hulle *droom* in plaas van *doen*. Hulle *wens* in plaas van om te *wil*. Hulle het meer *verbeeldingskrag* as *wilskrag*. Hulle sal jou die maan belowe – maar jy sal tevergeefs daarop wag. Hulle sal jou hulle woord gee dat hulle enige rots uit jou pad sal rol – maar daar kom net niks van nie. Presies dieselfde lees ons van die Rubenstam in Rigters 5:15-16. Debora vra vir hulle: “*Waarom het jy by die saalsakke bly sit, bly luister na die fluitspel by die veetroppe?*” Die Rubenstam het goeie voornemens gehad om Debora en Barak te help in die stryd teen die Kanaäniete, maar van hulle *voornemens* het niks gekom nie. Toe dit op die punt kom dat hulle die vyand moet aanpak en verslaan toe skitter die Rubenstam in hulle afwesigheid.

- Hulle het gesê dat hulle 'n rede gehad het waarom hulle nie kon help veg nie.
- Hulle kon hulle veetroppe nie alleen laat nie! Die ander stamme het tog ook veetroppe!

Terwyl die Rubeniete by hulle saalsakke gesit het en na fluitspel geluister het, het hulle hulle *voorgeneem* om te gaan veg, maar by *voornemens* het dit gebly. So is die mense met hulle wensbeentjie waar hulle ruggraat moet wees. Hulle lewe bestaan uit beloftes, beloftes en nogmaals beloftes ... maar tot die daad gaan hulle nooit oor nie. Jy ervaar sulke mense as mense wat halfslagtig en ongemotiveerd is. Mense met meer *wensbeen* as *ruggraat*. In geen samelewingskring beteken hulle iets nie. Nie in huwelik, gesin, kerk of watter groep ook al is hulle 'n bate en 'n wins nie. God verwag die teenoorgestelde van sy kinders. Hulle lewe moet getuig van *daadkrag* en *entoesiasme*. Hulle moet innerlik beskik oor *toewyding* en *deursettingsvermoë*. Christene moet *betroubaar* en *geloofwaardig* wees in hulle optrede en in hulle verhouding met ander mense. In die gemeenskap moet hulle bekend staan as pilare van krag wat van groot betekenis is in die Koninkryk van God en in die kerk.

Dr. Nico van der Merwe.



## PREEK VANDAG



Dr. Nico van der Merwe

Oggenddiens Tema: **SO VER 'N MENS MET 'N KLIP KAN GOOI**

**Lees:** Lukas 22:39-53

**Teks:** Lukas 22:41

Lukas 22 bring ons by die Donderdagaand voordat Jesus Christus op die Vrydagoggend op Golgota gekruisig is. Hierdie Donderdagaand vier Christus vir oulaas saam met sy dissipels die Paasfees en aan die einde van die ete stel Jesus die Nagmaal in. Aan die etenstafel maak Jesus aan sy dissipels bekend dat Judas Hom gaan verraai en Hy voer ook die laaste gesprekke met sy dissipels voor sy kruisiging die volgende dag. In die loop van die nag gaan die Here Jesus met sy 11 dissipels deur die Kedrondal na Getsemane teen die hange van die Olyfberg. Eers laat Hy 12 dissipels op 'n sekere plek en neem Johannes, Petrus en Jakobus saam met Hom verder die tuin in. Iewers in die tuin laat Hy ook vir Petrus, Johannes en Jakobus agter met die opdrag om saam met Hom te stry en te worstel. Dan gaan Jesus 'n entjie verder en gaan bid. Daardie “entjie verder” meet Lukas af as: *“omtrent so ver as 'n mens met 'n klip kan gooi”*. Die inhoud van hierdie teks mag op die oog af onnodig blyk. Die lydingspad van Christus gaan nou 'n hoogtepunt bereik en Lukas is besig om te bepaal hoe ver Jesus Hom van sy dissipels afgesonder het om te bid. Dit het egter alles te doen met die afsondering van Jesus want die volk het Hom verlaat, die dissipels het lafhartig weggehardloop, Judas het Hom verraai en Petrus het Hom verloën. Aan die kruis is Christus deur die Vader verlaat (Matt.27:46). Van alles en almal verlate deur-worstel Christus aan die kruis die verlatenheid en smart van die hel om vir die kinders van die Vader verlossing te bewerk van hulle sonde en die ewige lewe vir hulle te verwerf. Op sy lydingspad was Christus wel afgesonder maar nie totaal weg uit die hart en lewe van God se uitverkore kinders nie. Net maar so ver 'n mens met 'n klip kan gooi.



## DIE MENS WIK, MAAR GOD BESKIK

**LEES:** Esegïel 17:1-24

**FOKUS:** Esegïel 17:22-24

Die volk Israel het in Babel op die ashoop van ballingskap geworstel met die sin van dinge. Waarom sou die God van Abraham, Isak en Jakob, die God van Israel, dít met sy volk laat gebeur? By wyse van hierdie fabel wat Esegïel aan die volk moes vertel, word aan die volk verduidelik dat, alhoewel Nebukadnesar al hierdie dinge gedoen het, dit God was wat alles beheer het. Al was dit Nebukadnesar wat alles tot uitvoering gebring het, was dit die God van Israel wat hom as instrument gebruik het om sy wil tot uitvoering te bring. Eens 'n magtige groot boom, met takke wat rusplek vir die voëls van die hemel gebied het, met blare en vrugte – dit was hoe die Israel eens was. Deur die genade van God het hierdie boom opgegroeï en skadu en rus gebied. Dit was 'n teken van krag en voorspoed.

Maar hierdie boom is uitgeruk, afgekap. Van 'n groot boom is 'n klein boompie gemaak. Die volk moes verstaan dat dit God was wat gehandel het. Maar een van die bome van hulle bure is deur God sterk en groot gemaak om sy wil uit te voer. Nebukadnesar en sy ryk is magtig en sterk gemaak deur die toedoen van God, sodat God se straf en oordeel oor Israel voltrek kon word. God het dit gedoen sodat al die ander bome in die veld, al die ander nasies, kan weet dat Hy die Here God is. Die volk leer deur hierdie fabel: Die mens wik, maar dit is God wat beskik – oor alles en oor almal. Dit is die sin van die lewe!

Vir baie mense lê dit daarin om self sin aan 'n onverstaanbare wêreld te gee – om alles met die verstand te probeer verstaan. Hierdie gedeelte leer ons dat God aan alles sin gee, en uiteindelik bevestig Hy dit deur Christus wat sin in ons doellose bestaan bring. Die evangelie van Christus leer vir ons: Dit is nie eers wanneer ons alles verstaan dat die lewe sin kry nie, dit is wanneer ons alles wat ons nie verstaan nie in die regte lig sien dat die lewe sin kry. In die lig van God se genade deur Christus kry ons lewens sin.

*Dr. Sarel van der Walt*

**'JEUGDIENSTE'**

'n Herinnering daaraan dat die eerste Jeugdiens alreeds volgende Sondag 14 Augustus om 18:00 is. Die raamwerk van so 'n erediens gaan geensins verskil van die normale liturgie van 'n aanddiens nie: die erediens sal steeds die bestaande/gebruiklike liturgie volg met die gewone liedere (psalms en Skrifbelymings) wat gesing word. Die Woordverkondiging (preek) sal egter op die vlak van 'n hoërskoolkind wees waartydens temas en sake aangespreek sal word wat in die harte en alledaagse lewens van ons kinders leef – met dien verstande dat die prediking steeds die gereformeerde beginsels van Skrifverklaring en –toepassing sal volg. So 'n jeugdiens wil egter niemand uitsluit nie, en almal (gesinne met ouers en kinders, volwassenes, bejaardes, weliswaar steeds elke lidmaat) woon steeds hierdie dienste by. Moontlik (eerder hopelik) vind selfs grootmense baat by 'n eenvoudiger en makliker verstaanbare uiteensetting en toepassing van die suiwer evangelieboodskap. Dit is ons bede dat almal steeds, maar in die besonder ons kinders, hierby kan baat vind. Ter wille van maklike organisasie, word in die vooruitsig gestel om elke eerste Sondag van die maand se aanddiens op hierdie wyse in te ruim, behalwe dan nou hierdie eerste Jeugdiens. Ons het ook Klerksdorp-gemeente se kinders genooi om hierdie dienste te kom bywoon, en na afloop van 'n Jeugdiens geleentheid gaan ons geleentheid bied waartydens ons en Klerksdorp-gemeente se kinders saam gesellig kan verkeer in die saal. Daarom vra ons vriendelik vir elke seun om asb. 'n bottel (2l) koeldrank saam te bring, en vir elke meisie om asb. 'n groot pak chips/bordjie eetgoed saam te bring.

**BYBELSTUDIEGROEPE****WOENSDAG 10 AUGUSTUS 2011**

10:00-11:00 in die pastorie. Die Lukasevangelie.

**SODAG 21 AUGUSTUS 2011**

19:00-20:00 in die konsistorie. Die Hebreërbrief.

**SENDING- EN EVANGELISASIEKONFERENSIE**

'n Paar studente van Cachet gemeente in Potchefstroom is besig om 'n sending- en evangelisasiekonferensie te reël. Die doel van hierdie konferensie is om die Here se naam te verheerlik deur lidmate in die GKSA te versterk, bemoedig en aan te spoor om by sending- en evangelisasie betrokke te raak en toe te rus om self projekte in hulle tuisgemeentes aan te pak. Vanjaar is die eerste jaar wat hierdie konferensie DV sal plaasvind, maar ons wil graag dat dit 'n jaarlikse instelling word!

Alhoewel die belangrikste sending- en evangelisasie-opleiding meestal in die praktyk geskied, speel die teoretiese kennis ook 'n noodsaaklike en komplementerende rol. Die doel van hierdie konferensie is dus nie om praktiese ervaring te verskaf nie, maar om die onderbou daarvoor te verskaf en mense bewus te maak van die geleentheid waar hulle die verworwe kennis in die praktyk kan toepas.

Hierdie jaar skop ons af met 'n naweek (26-28 Augustus) waarin baie bekwame sprekers ons sal toespreek oor 'n verskeidenheid onderwerpe wat met evangelisasie en sending verband hou. As jy dus nog altyd wou betrokke raak by sending of evangelisasie, maar nog nooit geweet het hoe nie, is hierdie nou jou geleentheid! Die konferensie is egter nie net op nuwelinge gemik nie. Ons wil ook graag hê dat mense wat reeds met projekte in hulle gemeentes besig is, daarvan sal kom vertel sodat ander by hulle kan leer en ook selfs betrokke raak.

Daar is stalletjies beskikbaar vir enigiemand wat belangstel om 'n projek te kom bekendstel. Die doel hiermee is, om vir die konferensiegangers so veel as moontlik blootstelling te gee aan dit wat die Here reeds deur die GKSA doen. Elke konferensieganger sal ook 'n boekie ontvang waarin al die projekte wat reeds aan die gang is, verskyn. Stuur asseblief vir ons die inligting aangaande jou projek voor einde Julie, sodat ons dit in die boekie kan plaas. Indien jy jou projek by die konferensie wil kom bekendstel by 'n stalletjie, kontak ons ook asseblief so gou as moontlik.

Ons weet dat predikante reeds baie besig is in gemeentes en dus is hierdie konferensie meer op lidmate gerig, aangesien elke lid van die kerk deel het aan die groot opdrag. Dominees is uit die aard van die saak baie welkom, maar ons wil graag hê dat dit nie by hulle moet bly nie.

Die konferensie sal DV by Takwasa-kampterrein naby Potchefstroom plaasvind en die koste van die naweek beloop R250 per persoon. Ons wil egter baie sterk beklemtoon dat finansies geen rede is vir iemand om nie te kom nie. Kontak ons asseblief as jy of iemand waarvan jy weet, 'n borgskap benodig. Ons wil ook graag lidmate aanmoedig om iemand uit sy of haar gemeente te stuur indien hy of sy nie self kan kom nie. Ons beplan ook om 'n tolkstelsel in alle moontlike tale beskikbaar te hê en dus is mense van enige bevolkingsgroep welkom.

Kontakbesonderhede:

Algemeen: Jaco Lemmer by [21077894@nwu.ac.za](mailto:21077894@nwu.ac.za) 0836102421.

Finansieel: Jaco Lemmer by 0836102421.

Boekies en stalletjies: Esmarie by [21077894@nwu.ac.za](mailto:21077894@nwu.ac.za) of 0834465511.



KOLLEKTES		
Datum	By die diakens	Sakkies by die deure
7 Augustus	Barmhartigheid	Emeritaatsversorging
14 Augustus	Barmhartigheid	Sustentasie Khuma
21 Augustus	Barmhartigheid	Sustentasiefonds GKSA
28 Augustus	Barmhartigheid	GKSA Jeugsorg



GEMEENTEPROGRAM		
Sondag 7 Augustus tot Saterdag 13 Augustus 2011		
Sondag 7 Augustus	Oggenddiens	09:30-10:30
Sondag 7 Augustus	Katkisasie – Les 17	10:30-11:10
Sondag 7 Augustus	Erediens	18:00-19:00
Sondag 7 Augustus	Bybelstudie Konsistorie	19:00-20:00
Maandag 8 Augustus	Skole vakansie dag	
Dinsdag 9 Augustus	Nasionale Vrouedag	
Woensdag 10 Augustus	Bybelstudie Pastorie	10:00-11:00
Donderdag 11 Augustus	Inbetaal Kerklike Bydraes	17:30



TEESKINKBEURTE	
Sondag 7 Augustus 2011	Wyke 26 & 27
Sondag 14 Augustus 2011	Wyke 28 & 01
Sondag 21 Augustus 2011	Wyke 02 & 03
Sondag 28 Augustus 2011	Wyke 04 & 05



Verjaarsdae			
7 Aug	Tannie Susan Potgieter	Wyk 23	018-468-1628
7 Aug	Willem de Jager	Wyk 19	018-468-5626
8 Aug	De Nief Roos	Wyk 07	084-205-4525
8 Aug	Santie vd Westhuizen	Wyk 24	018-468-3553
9 Aug	Alida van Aswegen	Wyk 04	083-459-1430
9 Aug	Anelia Steenkamp	Wyk 02	018-468-2647
11 Aug	Johan Jansen	Wyk 05	018-468-6175
11 Aug	Rozetta de Klerk	Wyk 16	074-890-1567
11 Aug	Driaan Venter	Wyk 24	082-868-9833

Gelukwensing van die kant van die gemeente met u verjaarsdag hierdie week. Mag God julle sien en julle wense vervul met sukses.



## LIEF-EN-LEED & VOORBIDDING

- **Sr. Tersia van der Merwe** het die afgelope week ondersoek ondergaan in die lig van haar nekwerwels wat 'n dooierige gevoel in haar hande veroorsaak. Daar sal dus vasgestel moet word op watter wyse die probleem aangespreek kan word. Seën toegebid op die ondersoek en behandeling!
- **Br. Peet Bezuidenhout** het verlede naweek geval en sy heup gebreek waarvoor hy die afgelope week in Klerksdorp-hospitaal gehospitaliseer en geopereer is.
- **Br. Paul Vorster** sterk steeds aan in Wilmed se intensiewe sorg-eenheid. Ons bid dat sy behandeling geseën mag word.
- **Tannie Emma Coetzer** word steeds in Wilmed gehospitaliseer. Ons bid dat daar spoedig beterskap mag wees.



## HOE SÊ GOD, WAT MOËT EK DOEN

Lees: Deuteronomium 10:10-22

Teks: Vers 12

“En nou, Israel, die Here jou God vra net dat jy Hom moet eer, sy wil moet gehoorsaam, Hom moet liefhê en dien met hart en siel.”

Mense is snaakse goed! Vra iemand om meer te doen as gewoonlik en hy voel veronreg. Vra hom om minder te doen as gewoonlik en hy is vir jou kwaad omdat jy niks van hom dink nie. As jy vir God vra: “wat *moet* ek doen?” - kan jy gerus wees! God verwag van elke mens presies dieselfde volgens elkeen se vermoë. In vers 12 vra God van elke gelowige vier dinge: <sup>[1]</sup> EER. <sup>[2]</sup> GEHOORSAAMHEID. <sup>[3]</sup> LIEFDE. <sup>[4]</sup> DIENS. Dié vier dinge **MOET** elke gelowige doen. Dit is nie 'n geval van óf nie. As jy dink dit is te veel moet jy in gedagte hou dat Jesus dit ook gedoen het. Deur sy dood aan die kruis het Hy dit vir jǒu moontlik gemaak om dit ook te kan doen. Jesus se volmaakte gehoorsaamheid maak dit vir jou moontlik. Onthou, dit is wat jy **moét DOEN** as gelowige uit dankbaarheid vir die verlossing. Vir God kan jy nie “ja, maar...” sê nie. Dit wat God van jou verwag moet jy doen omdat Hy reeds aan jou die nodige gawes en vermoëns gegee het om dit te kan doen.